

Maandag 6 Mei

Skrifgedeelte: Romeine 12:1-8

Fokusgedeelte: Romeine 12:2 (AFR83)

Jy is nuut

Nee, jy kan nie dieselfde bly nie! 'n Christen groei deur sy lewe na Christus toe. Omdat Christus sy lewe vir jou gegee het, is dit ondenkbaar dat jy nie ook jou lewe aan Hom wy uit dankbaarheid nie. Hoe lyk hierdie groei?

- Breek met die sondige lewe. Dit gaan hier oor die gesindheid in jou hart. Is jou lewe tot eer van God, of nie?
- Lewe 'n nuwe lewe. Dit beteken om op God se volmaakte wil ingestel te raak en so te handel.

Dit bring stryd in jou lewe: om op jou eie wil ingestel te wees en dat dit jou lewenswyse bepaal, of om in alles op God gerig te wees.

- Jy kan lewe soos jy wil en doen wat jy wil. Jy laat jou nie voorskryf deur God en sy Woord nie. Jy is jou eie god.
- Die nuwe mens is egter oorweldig deur die sekerheid dat Christus vir ons sondes betaal het op die slawemark van die sonde sodat ons uit dankbaarheid die voorreg het om met Hom te lewe. Dan is God die God van ons lewe.

Vir hierdie nuutword in ons lewe moet ons bid. Daarin moet ons ons oefen. Deur die Gees en die Woord word ons vernuwe. In alles moet ons die voorbeeld van Christus navolg: ek moet volkome aan God gehoorsaam wees en myself as dankbaarheidsoffer aan Hom oorgee. Hierdie nuwe lewe kan ons geniet met die wete dat die Here altyd met ons is. Selfs in teenspoed dra Hy ons. Hy gaan met ons elke oomblik deur hierdie lewe tot in die ewige lewe.

So bevoorreg is jy, nuwe mens! Leef dan so!

Sing: Psalm 119-1:7

Ds. RG (Roelie) Aucamp (Emeritus)